Skriflesing: 1 Johannes 3:1-15
Teks: **1 Johannes 3:1-3; 1 Johannes 3:10**
Sing- Ps. 33:1; Ps. 119:44; Ps. 31:1,17; Ps. 20:1,2,4; Sb. 33:1,2

1 Johannes 3:1-15

1Jn 3:1 Kyk wat 'n groot liefde die Vader aan ons bewys het, dat ons kinders van God genoem kan word! Om hierdie rede ken die wêreld ons nie, omdat dit Hom nie geken het nie.
1Jn 3:2 Geliefdes, nou is ons kinders van God, en dit is nog nie geopenbaar wat ons sal wees nie; maar ons weet dat ons, as Hy verskyn, aan Hom gelyk sal wees, omdat ons Hom sal sien soos Hy is.
1Jn 3:3 En elkeen wat hierdie hoop op Hom het, reinig homself soos Hy rein is.
1Jn 3:4 Elkeen wat die sonde doen, doen ook die wetteloosheid, want die sonde is wetteloosheid.
1Jn 3:5 En julle weet dat Hy verskyn het om ons sondes weg te neem, en geen sonde is in Hom nie.
1Jn 3:6 Elkeen wat in Hom bly, sondig nie. Elkeen wat sondig, het Hom nie gesien en Hom nie geken nie.
1Jn 3:7 My kinders, laat niemand julle mislei nie: wie die geregtigheid doen, is regverdig soos Hy regverdig is.
1Jn 3:8 Hy wat die sonde doen, is uit die duiwel, want die duiwel sondig van die begin af. Vir hierdie doel het die Seun van God verskyn, om die werke van die duiwel te verbreek.
1Jn 3:9 Elkeen wat uit God gebore is, doen geen sonde nie, omdat sy saad in hom bly; en hy kan nie sondig nie, want hy is uit God gebore.
1Jn 3:10 Hierin is die kinders van God en die kinders van die duiwel openbaar: elkeen wat die geregtigheid nie doen nie, is nie uit God nie, en hy ook wat sy broeder nie liefhet nie.
1Jn 3:11 Want dit is die boodskap wat julle van die begin af gehoor het, dat ons mekaar moet liefhê;
1Jn 3:12 nie soos Kain wat uit die Bose was en sy broer doodgeslaan het nie. En waarom het hy hom doodgeslaan? Omdat sy werke boos was en dié van sy broer regverdig.
1Jn 3:13 Verwonder julle nie, my broeders, as die wêreld julle haat nie.
1Jn 3:14 Ons weet dat ons oorgegaan het uit die dood in die lewe, omdat ons die broeders liefhet. Hy wat sy broeder nie liefhet nie, bly in die dood.
1Jn 3:15 Elkeen wat sy broeder haat, is 'n moordenaar; en julle weet dat geen moordenaar die ewige lewe as iets blywends in hom het nie.

Skriflesing: 1 Johannes 3:1-15
Teks: **1 Johannes 3:**
Sing- Ps. 33:1; Ps. 119:44; Ps. 31:1,17; Ps. 20:1,2,4; Sb. 33:1,2

Geliefde broeder en suster, ons teksverse begin met die belangrike woordjie **KYK...** *Kyk, wat 'n groot liefde die Vader aan ons bewys het.* Die ou gryse apostel gebruik nie verniet hierdie gewone ou woordjie nie, want wil hy eintlik maar daardeur vir ons sê dat wat hierop gaan volg is baie belangrik. In vandag se tegnologie sal ons so 'n gedeelte of onderstreep of in swart dik letters uitdruk. Ons het die voorreg om saam met hierdie 3 jongmense wat vandag hulle geloof wil bely, hierdie teks met 'n uitroepteken ook in hulle lewe te plaas.

Ons het vir 4 Sondae by die einde van 1 Johannes 2 stilgestaan. Dit het gehandel oor dinge wat in hierdie wêreld aan die gang is, wat ons lewe en ons plek en ons kerk-wees in alle opsigte aantas. Dinge wat vir julle as jongmense julle belydende geloofslewe nie makliker gaan maak nie. Ek verwys na die baie antichriste wat ons verlede Sondag die gelade gedeelte mee afgesluit het.

Vandag se gedeelte wanneer ons hierin 'n indeling gaan maak, dan val dit pragtig uiteen. Hier word oor God iets baie belangrik gesê; hier word oor onsself iets baie kosbaar uitgelig en laastens word die wêreld aangedui vir dinge wat ons kan weet maar die wêreld kan dit nie weet nie. Julle wat julle geloof bely, hoor die dinge van God, verstaan die dinge oor julleself wat julle voluit deel van die ware kerk mag maak, laastens onderskei julleself van die wêreld.

Eerste dan dit wat oor God gesê word:

Die groot liefde wat die Vader aan ons bewys het... Daar kan eintlik niks belangriker wees as om dit in ons lewe raak te sien nie. Om te mag weet dat God het my Sy kind gemaak. Soos ons die gryse apostel al baie keer in die reeks hoor sê het, om kind van God te wees is *om uit God gebore te wees...* Johannes verwys in hierdie eerste brief tot 6 maal na hulle wat *uit God gebore is...* Daarmee het hfst. 2 afgesluit, hiermee staan hfst. 3 in lyn, ja ons onthou die groot temavers waarmee die hele Johannes-brief in alles mee saamgevat kan word. 1 Joh. 5:19: ***19*** *Ons weet dat ons uit God is en die hele wêreld in die mag van die Bose lê.*

***

Om uit God gebore te wees is niks anders as om 'n wedergebore kind van God te wees nie. Dit is iets wat op geen manier as vanselfsprekend aanvaar kan word nie. Geen geld kan dit koop nie. Dieselfde Johannes het al baie vroeër in sy evangelie hierdie besondere weldaad van God uitgewys; Joh. 1:13- praat hy in die gedeelte van ons ***13*** *wat nie uit die bloed of uit die wil van die vlees of uit die wil van 'n man nie, maar uit God gebore is.* Ja, in hierdie eerste brief van Johannes word in hfst. 4 dit alles weer bymekaargebring as ons vers 10 lees en óók vers 19; eers vers 10: ***10*** *Hierin is die liefde: nie dat ons God liefgehad het nie, maar dat Hy ons liefgehad het en sy Seun gestuur het as 'n versoening vir ons sondes.* Dan ook vers 19- ***19*** *Ons het Hom lief, omdat Hy ons eerste liefgehad het.*

Dit wat God ons geskenk het, *die liefde wat die Vader aan ons bewys het*, kan net vir die uitverkorenes geld. Wie hierin mag deel is eintlik deel van 'n handjie vol mense op aarde wat min is en wat geen groot indruk sal maak op die groot getalle mense wat daar oor alle eeue regoor die wêreld is nie. Dit staan in Mattheus by herhaling- *Baie is geroep, min is uitverkies*

(vgl. Matt.20:16, 22:14). Van die baie mense wat geroep word, is op die einde die getal wat luister, werklik luister ’n baie klein getal. Dit is ’n klein getal wat antwoord gee met geloof en bekering.

Dit moet ons altyd weet, ook julle drie vanoggend, ’n klein getal, dat die werklike uitverkorenes vorm nie skares mense nie, gaan nie die wêreld omkeer en dink ek gaan almal vir Christus wen nie. As Jesus sê – *Baie is geroep, min is uitverkies*, dan is dit vir sulke uitverkorenes wat Johannes op sy oudag kan sê- KYK, Kyk die groot liefde van die Vader... jy kan ’n kind van God wees... God het dit reeds aan jou bewys.

Die dinge wat van God gesê kan word, kan ons saamvat deur te sê – GOD STAAN AGTER MY LEWE. God se liefde bring Hom tot waar niemand so by my kan kom staan nie. God is wel baie groot, daar is baie wat ek nie kan verstaan nie. Ons begryp God beslis nie in alles alles nie, maar watter troos om te weet ek kan my lewe ingaan en God is agter my. Hy gaan nog na my bly kyk. Hy nooi my na Hom toe. Hy gaan na my omsien. Hy gee my gawes, Hy gee my geleenthede, Hy rus my toe om op die regte tyd die regte besluite te neem. As God so agter my staan, dan mag ek weet al is die uitverkorenes min, dat God sal sy kinders nooit in die steek laat nie. In alles het God ’n plan met my lewe. In alles wat in die koms van die koninkryk van die hemele gebeur is daar ’n goddelike raadsplan. Jy moet nie jou plekkie, jou roeping in hierdie groot plan miskyk of verkleineer nie. Ons is in alle geval as God my Vader is, daartoe bemagtig dat ek in God rus mag vind. Die dae wat die dinge te veel is, dit vir my te swaar mag wees, gaan na die Vader, praat met Hom wat sy liefde reeds bewys het, wat vir jou ’n God wil wees. Die God wat jou altyd weer tot jou roeping bring maar jou ook tot rus wil bring wanneer dit net te veel geword het.

Dit het ons reeds by ons tweede gedagte gebring- Verstaan die dinge oor jouself wat jou voluit deel van die ware Kerk mag maak- Ons vat dit saam deur te wys op:

<u>Wat word hier van ons (van jou en my/van onsself) gesê:</u>

God het reeds bewys dit wat jou anders moet maak, nl. Hy wat jou verkies het, Hy wil dat jy uit Hom gebore word. Jy is uit Hom gebore as jy reeds wedergebore is, hierin is jy uitverkies tot saligheid, wanneer dit weer daaroor gaan dat *baie is geroep, min is uitverkies...* Dit wat van ons gesê word, staan in vers 1 so prominent- *dat ons kinders van God genoem kan word.* Daar kan niks meer wonderlik wees as om so van jouself te praat nie. Ek is ’n kind van God.

Ons mag hier weer daardie belangrike vers wat in die reeks nou ook al so baie na vore gekom het, hoegenaamd nie vergeet nie. 1 Johannes 1:4 dan sê die apostel- *En ons skrywe hierdie dinge aan julle, sodat julle blydskap volkome kan wees.* In die eerste waar God oor Homself praat, Hy wat ons Vader wil wees, het ons gesien ons mag in Hom rus vind, wat nou vir ons hier bykom ons mag in Hom voluit lewe. Ons mag die lewe tot eer van God geniet. Kind van God beteken nie dikmond, suurgesig, kwaad vir alles en almal, negatief oor alles wat iemand dalk waag iets positief oor te sê nie.

Wie so kind van God wil wees, mis iets so groot. Volkome blydskap. Ons blydskap in God kan volkome wees. Ja, hierdie hoofstuk laat ons eintlik net meer en meer uitsien na die voorregte en die uitdagings wat daar in God mag wees as ek so met God my lewe ingaan. Dit is ook die dinge waarmee ons volgende Sondag mee kan Nagmaal vier. Kyk maar net na vers 2, vers 3, vers 9, vers 10, vers 13. Om maar net enkeles te noem. Vers 2 wys dat ek kan nou my volle kindskap uitleef, niks kan my verhinder nie, ja wanneer die Here kom dan word ek gelyk aan Hom. Hierin sien ons wat ons reeds is, maar ook wat ons nog nie is nie. Daar is altyd nog iets groter om voor te leef. Vers 3 wat ons later vandag in die tweede erediens by art 24 Nederlandse Geloofsbelydenis ook uitbring, praat die taal van die huwelik. Mooimaak-taal. 'n Bruidegom wat bereid moet wees om haar vir haar man te versier. Daar kom 'n hoop in ons.

Dit staan eintlik so aangrypend, dat in die elke dag se harde lewe en die harde realiteite van my kindskap, om kind van God te wees, word daar vir ons hele lewe 'n lewe van mooiheid en skoonheid en reinheid uitgespel. Dit omdat ons genoeg rede het om HOOPVOL die toekoms in te gaan. *En elkeen wat hierdie hoop op Hom het, reinig Homself soos Hy rein is.* Ai, mens sou nog so baie hieroor kon sê...Ons het so baie om nog na uit te sien. Ook julle wie se volheidslewe in die geloof nou 'n vol lewe in die Kerk mag word. Mag julle hierdie volheid in volle hoop, najaag.

Vers 9 staan die ander kant van my reinheid net nog weer benadruk. ***9*** *Elkeen wat uit God gebore is, doen geen sonde nie, omdat sy saad in hom bly; en hy kan nie sondig nie, want hy is uit God gebore.* Ek moet nie die sonde wil najaag nie, in die sonde volhard nie. God wil sy belofte, ja letterlik staan hier, God wil sy saad in jou laat bly. Hoe wonderlik waar dit in hierdie tweede punt gaan oor dinge wat van jou gesê word, dat God sy saad in ons plaas. Hierdie saad dui gewoon op die oorsprong van jou kindskap. Dit wat by wedergeboorte

begin het, jy kan uit God gebore wees, Die nuwe *Afrikaanse Direkte Bybelvertaling* wat nog in die proses van afhandeling is- stel dit soos volg- *Elkeen wat uit God gebore is, doen nie meer sonde nie, omdat God se saad in Hom bly en hy kan nie maar aanhou sonde doen nie, omdat hy uit God gebore is.* Baie beslis moet ons 1 Joh. 5:18 ook hier saamlees- ***18*** *Ons weet dat elkeen wat uit God gebore is, nie sondig nie; maar hy wat uit God gebore is, bewaar homself, en die Bose het geen vat op hom nie.* Dit word hoegenaamd nie gesê dat die gelowige nie meer sal sonde doen nie, Johannes het dit self in hfst. 1:8 al duidelik gemaak- ***8*** *As ons sê dat ons geen sonde het nie, mislei ons onsself en die waarheid is nie in ons nie.*

'n Saadjie in die grond wat klein mag wees, maar tog dra dit al in beginsel die kenmerk van dit wat maak dat dit eendag 'n baie groot boom kan word. 'n Boom wat baie klein begin kan tog wel later so groot word dat dit soveel skaduwee kan bied en eintlik heeltemal 'n groot deel kan oorskadu. Só die gelowige kind van God, jy moet jou sonde ontgroei, al sal jy nog bly sondig, wil ek deur die saad van die wedergeboorte, my sonde oorskadu. Die sonde mag nie meer die laaste sê in my lewe het nie, nog minder mag ek die duiwel vatplek gee. Soos Johannes hfst. 5 dieselfde gedagte afsluit- *die Bose het geen vat op hom nie...*

Dit wat my en jou (en dan ook julle drie vanoggend) voluit deel van die Kerk van God maak, is vers 10 en vers 13 uiters belangrik Ons het hier eintlik 'n profiel (ek kan dit ook noem 'n identikit of 'n ID) van die kind van God. Dadelik word ons teruggevoer na die eerste twee gebore mense op aarde. Kain en Abel, ja die dinge wat Abel anders gemaak het, as Kain is waarby ons ook moet kom. Jou identikit, op jou ID as gelowige belydende lidmaat van God moet nou staan UIT GOD GEBORE, dit staan teenoor hulle wat soos Kain nie uit God is nie, op dieselfde ID moet ook staan jy het oorgegaan UIT DIE DOOD IN DIE LEWE... terwyl die kinders van Kain steeds in die doodstoestand verkeer. Op ons ID moet ook staan- JY HET DIE EWIGE LEWE AS IETS BLYWENDS IN JOU. Om waarlik van jou geboorte uit God te praat, om van jou lewe in God te praat, om werklik in God te wil bly leef, is waaroor die toekoms handel wat nou reeds op ons ID as gelowige geskryf moet word.

So leef ons welbewus in wat ons reeds vanoggend gesê het, dit is ook my voorbereiding vir Nagmaal, ek is maar deel van 'n klein getal, baie geroep, min is uitverkies, min wat hulle werklik in hulle kindskap uitleef. In hierdie kindskap leef ek welbewus my wedergeboorte uit, wat spreek van kontak met God, wat die Heilige Gee in jou laat werk, wat maak dat jy anders optree, jy wil die lewe van sonde oorskadu, jy wil werklik in die liefde van God leef,

wat God se liefde dra, jy wil regverdig wees, ja die oorgange is gemaak dat ek versigtig sal lewe en dat ek die duiwel nie vatplek sal gee nie, want hy sal altyd vatplek in ons lewe soek. Dit laat ons by ons laaste gedagte vandag- na ons gekyk het wat van God hier gesê word, ook wat van onsself hier gesê word, gaan dit in die laaste plek-

<u>Wat word hier van die wêreld gesê:</u>

Om hierdie rede ken die wêreld ons nie, omdat dit Hom nie geken het nie. Vers 13 staan dit dan ook- *Verwonder julle nie, my broeders as die wêreld julle haat nie...* Daar is ’n totale gebrek aan kennis! Ja, hierdie kennis wat gelowiges kon bring tot belydenis van hulle geloof, die kennis wat daar moet wees om aan ’n Nagmaalstafel te mag aansit, dit het die wêreld nie. En dit gaan beslis nie oor boekekennis, dinge waarmee ek slim is, ek my slim kan hou nie. Hoegenaamd gaan dit nie oor wat is jou IK in wat jou geloof is nie.

Dit gaan oor het ek werklik iets van ’n geheimenis in my lewe kon raaksien, iets daarvan kon begryp wat die wêreldling jou mee sal wil spot, maar wat hy/sy nooit sal kan verstaan nie. As ons Ef. 3:8-9 lees dan laat Paulus ons so ietsie van wat Johannes bedoel ook raaksien. ***8*** *Aan my, die geringste van al die heiliges, is hierdie genade gegee om onder die heidene die evangelie van die onnaspeurlike rykdom van Christus te verkondig,* ***9*** *en vir almal aan die lig te bring wat die gemeenskap is van die verborgenheid wat van alle eeue af verborge was in God wat alles geskape het deur Jesus Christus...* m.a.w. wat verstaan ek onder genade, wat verstaan ek onder die evangelie wat verkondig moet word, sien ek die onnaspeurlike rykdom (ons kan dit ook vertaal met onpeilbare rykdom) in Christus raak, kan ek aan die lig bring wat dit beteken dat daar ’n geheimenis is wat vir baie eeue verborge was, maar tog nou deur God in werking gestel is, die God wat alles geskape het.

Die wêreld sien hierdie dinge beslis nie raak nie. Min sien dit raak. So min soos ’n ander mens werklik weet wat in my binneste aan die gang is, nog minder kan die wêreld weet wat is werklik in die binneste van God se Vaderhart aan die gang. Alleen die Heilige Gees kan hierdie binnewerk oopmaak. Die wêreld kan dit nie doen nie. Presies soos wat Paulus in 1 Kor. 2:12 dit dan ook saamvat- ***12*** *Ons het ewenwel nie die gees van die wêreld ontvang nie, maar die Gees wat uit God is, sodat ons kan weet wat God ons uit genade geskenk het...*

Die dinge wat God ons uit genade geskenk het, laat ons welbewus daarby lewe. Ons het soveel om voor te lewe. Die belydenis van ons geloof, dit wat waarlik ons geloof is, maak dat ek weet voor die Here is ek nie maar net ’n nommer nie. Ek het ’n naam, ’n plek en ’n

betekenis in wat God my gee. God gaan my ook nog ’n nuwe naam gee. Op.2:17 lees ons- *Ek sal hom gee ‘n wit keursteen, en op dié steen ‘n nuwe naam geskrywe wat niemand ken nie, behalwe hy wat dit ontvang.*

Wat ons vandag kon hoor, ook julle wat nou julle geloof gaan bely, kan met niks vergelyk word nie: ***1*** *Kyk wat ‘n groot liefde die Vader aan ons bewys het, dat ons kinders van God genoem kan word! Om hierdie rede ken die wêreld ons nie, omdat dit Hom nie geken het nie.*

AMEN